Groet mekaar met ’n heilige kus

Teks: 2 Korinthiërs 13: 1 - 13 & Sondag 2
Teksvers 2 Korinthiërs 13: 12

1. Inleiding

Geliefdes vanoggend in ons leerdiens kom ons by ’n ongemaklike saak te staan. Paulus se opdrag om mekaar met ’n heilige kus of soen te groet. Ons baklei soms hier in die kerk om nie uit dieselfde nagmaal beker te drink nie, wat dan van hierdie vreemde opdrag waarmee Paulus die Korinthiërs groet in sy brief aan hulle. Tog is hierdie nie die enigste plek waar hierdie opdrag gegee word nie. Daar is ten minste nog 4 ander gedeeltes in die Nuwe Testament met dieselfde opdrag.

Maar voor ons nou in konteks en kultuur gebruike ingaan is dit miskien belangrik dat ons mekaar vra hoekom dit dan so ongemaklike opdrag is? Is die antwoord nie miskien in die lyn van die verkeerde beeld of siening van die Gemeenskap van die gelowiges nie. Ons word so maklik deur ’n sekulêre wêreld meegesleur in die siening dat die kerk maar net soos ’n klub of ander organisasies is. Ons ken mos die wêreld se siening dat die kerk bloot ’n groep eendersdenkende mense is wat besluit om saam te vergader en dinge te saam te doen. Niks anders as ’n sport- of stokperdjie klub nie.

En wanneer dit waar is sal ek eintlik maar my afstand van mekaar versigtig en deeglik hou. Ek bedoel net omdat ons oor een saak saam stem beteken mos nie daar is ’n groter band tussen ons nie, of hoe? Dit is waar ons verkeerd is. Sien in Sondag 2 leer ons dat die mens se probleem is dat hy/sy van nature sy medemens haat. Maar die kerk is tog die versameling mense wat juis daardie sondige natuur afgesterf het. Moet die liefde in die gemeenskap van die gelowiges dan nie duidelik sigbaar en herkenbaar wees nie?

2. Die soen van Christelike broederskap

Die soen wat Paulus beveel, by dit groet van mekaar in gemeenskap van gelowiges, is nie maar enige sien nie. Nee dit word duidelik gekwalifiseer as ’n heilige kus, of in die nuwe vertaling “soen van Christelike broederskap”.

Om dit as "heilig" te kwalifiseer, verwyder enige dimensie van erotiese soen. Maar terselfdertyd, impliseer dit wel iets ander en meer as ’n gewone beskaafde verhouding tussen mense.

Die praktyk om mekaar te soengroet is tot redelik onlangs en miskien selfs vandag nog deel van die manier waarop nabye familie mekaar groet. Maar ons weet dat daardie selfde mense nie lukraak ander mense op straat sal loop en soen nie. Wanneer ons so daarna kyk is die dalk nie so vreemd of selfs antiek vandag as wat ons dink nie.

Tog is dit belangrik om hierdie soen nie gesien moet word as ’n geestelike ritueel of litugiese handeling nie. Daarom is dit ook nooit amptelik deur die kerk as gebruik opgeneem nie. Ek bedoel ek en die kerkraad gaan staan nie by die ingange van die kerk en soen groet al die lidmate nadat ons die seëngroet uitgespreek het en met die erediens begin het nie. Dit het ook nooit in die geskiedenis op hierdie manier gebeur nie.

Nee, wat Paulus hier beskryf is eerder ’n groetvorm wat ingespan kan word om die gelowiges as nuwe verloste gemeenskap saam te bind. Daarom lê die gewig van hierdie opdrag in ons teksgedeelte nie in die spesifieke aard, met ander woorde ’n soen nie. Dit gaan eerder oor die ontmoeting en erkenning van mekaar as gemeenskap van gelowiges. Maar dan selfs met ’n meer spesiale groetvorm as wat eenvoudige in ’n beskaafde samelewing aangewend word.

3. Verraai deur daardie heilige soen

Maar daar is een ding is wat ons vandag nog goed verstaan en negatief ervaar. Dit is wanneer ’n groet nie beantwoord word nie. Wanneer ’n mens iemand groet en hulle igonoreer jou doelbewus. Natuurlik is dit nog meer so, met ’n soen groet. Want daar is dan iets van daardie dieper intimiteit wat verbreek word. Daarom is wederkerige liefde in die wese van die soengroet ingebou. En kan ’n wedraai of wegstoot van hierdie groet op ’n baie emosionele manier ervaar word.

Tog is die nie die manier waarop ons verraad deur die heilige soen bestudeer vanoggend

nie. Nee daardie verraad lê eerder in die ander negatiewe eienskap wat so maklik onder gelowiges aangetref word. Dit is die eienskap van valse oortuigings of skynheiligheid. Ons sien presies dit gebeur in Lukas 22:47 en die parralelle gedeeltes in die ander evangelies. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen.

Jesus antwoord dan in teleurstelling in vers 48 : “Judas, verraai jy die Seun van die mens met ’n soen?”. Hierdie mooi gebaar van liefde tussen broers en susters in die geloof word verdraai om Jesus uit te lewer. Dit wat ’n teken van liefde tussen naastes moes wees, word nou ’n teken van haat. Tog is dit baie belangrik om Jesus se verdere reaksie hierop te sien. Hy ontbloot die leuen onmiddelik, maar keer enige ander geweld wat hierdie leuen kan volg tussen Sy navolgers en die tempelpolisie. Christus beveel Petrus om nie verder in geweld op te tree nie.

Want uiteindelik is dit ook Christus se roeping en opdrag om hierdie pad te stap. Hy stap dit verder tot by die kruis op Golgota, waar Hy versoening vir al ons sondes doen. Sodat ons as verloste gemeenskap van gelowiges mekaar kan liefhê.

4. Vrygekoop om eensgesind te wees

Miskien is dit juis waarom hierdie heilige soengroet nie ’n Christelike ritueel of liturgiese handeling geword het nie. Want dit was nie boodskap wat Paulus wou oordra nie. Hy weet dat ons selfs die mooiste liturgiese handeling of ritueel so vinnige in koue pligpleging kan verander. Ons het immers nou net gesien wat Judas met die heilige soengroet gedoen het. Die heilige soengroet moet iets wees wat natuurlik uit die oortuiging, hart en wese van gelowiges kom en gebeur.

Ons sien al iets hiervan duidelik word in vers 11, in die opdrag om eensgesind te wees en in vrede te leef. In vers 11 sien ons dan ook dat hierdie eensgesindheid, liefde en vrede nie maar ’n opsionele bysaak is nie. Dit is nie maar iets wat gelowiges kan doen wanneer hulle so voel nie. Nee dit is iets wat bereik word, langs die pad van geestelike groei. Dit word in vers 11 van ons teksgeedelte beskryf as geestelike volwassenheid of om volmaak te word.

Dit maak natuurlik heeltemal sin wanneer ons na Sondag 2 kyk. Want in Sondag 2 het ons bely dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Soos ons in die eerste diens duidelik gesien het, behels goed doen en liefhê van my broer en suster in die geloof ’n daad of optrede teenoor die Here. En natuurlik is die liefde vir my naaste die presiese teenoorgestelde van die haat van my naaste. Daarom wanneer dit volmaak gedoen kan word, het ons heeltemal die sondige natuur afgesterf.

Ons sal natuurlik nie volmaaktheid hier op aarde bereik nie. Maar ons is verlos in Christus om juis volmaak te wees. En ons word elke dag deur die Gees gelei om juis daarheen te werk ens streef.

5. Slot

Kom ons sluit hierdie leerdiens ook op ’n praktiese noot af. Moet ons nou skielik mekaar begin groet met ’n heilige kus hier by die kerk? Wel nee, dit is nie spesifiek wat hierdie teksgedeelte ons beveel om vandag in 2024 te doen nie. Maar ons moet natuurlik wel ten minste mekaar groet. Ons moet die andersse band, wat daar tussen die gemeenskap van die gelowiges bestaan uitleef. Want wanneer ons dit doen dan gaan daar outomaties ’n warmte wees in hierdie gemeente.

Uiteindelik kan ons dit weer terugtrek na ons kerkbeskouing. Die kerk van die Here is nie blote ’n sosiale bymekaar kom geleentheid nie. Dit is meer as die blote vorm waarin ons, ons afrikaanse kultuur uitleef. Dit is uiteindelike wat ons bely in sondag 21: “Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ’n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is , deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan ’n lewende lid is en ewig sal bly.
Wanneer ek besef dat ek saam met my broers en susters in die geloof net op grond van die Here se genade hiervan deel kan wees, dan vorder ek op my pad van geloofsgroei. Want dan begin ek stelselmatig die natuurlike haat vir my geloofsgenoot afsterf, en word ek stelselmatig gevul met ’n heilige liefde vir my geloofsgenoot.

Amen